


# GALASIËRS & EFESIËRS


On the hill

Ons is tans besig met ‘n reeks oor Galasiërs en Efesiërs en staan vandag stil by Efesiërs 3 & 4.  Paulus verduidelik die evangelie van Jesus Christus met behulp van die beeld van ‘n huis waarin almal saam moet woon.

Kyk na die prentjie van die huis.  God het vir die Jode ‘n klomp wette daargestel om hulle in lyn te bring, as gevolg van hul sondigheid.  ‘n Mens kan amper sê die Jode het nou toegang tot Christus deur by die voordeur in te stap van hierdie huis.

Die nie-Jode het egter ook hul hele lewe lank gesondig en nie eens besef hoe sondig hulle is nie, want hulle was nie onderworpe aan die wet nie.  ‘n Mens kan amper sê dat hulle nou toegang tot Christus gekry het deur by die agterdeur van hierdie huis in te stap.

Die Jode en die nie-Jode... Net soos ons vandag...

Almal sondig.
Almal in nood van genade deur Jesus Christus.
Almal nou welkom in die huis van die Here as gevolg van hul geloof in Jesus Christus.

Wat beteken dit vandag vir ons?  Wat dink jy vertel dit vir ons rondom die plan wat God vir ons het?  Wat sê dit vir ons rondom eenheid?

Lees Efesiërs 2:13-14 en 19-22

# EFESIëRS 2 : 13-14; 19-22 (nlv)

*“Maar nou het julle wat toe ver weg was, deur julle verhouding met Christus naby gekom. Dit is moontlik gemaak deur Christus se dood aan die kruis. Christus het inderdaad vrede tussen ons gebring.* ***Deur sy liggaam aan die kruis te gee het Hy die twee groepe één gemaak; ja, die muur van vyandskap het Hy afgebreek ...***

Julle is dus nie meer uitlanders en bywoners nie, maar medeburgers van hulle wat aan God behoort. **Ja, julle is lede van God se huisgesin wat gebou is op die fondament wat die apostels en die profete gelê het. Christus Jesus is self die hoekklip op wie die hele gebou, terwyl dit kunstig inmekaargepas word, verrys tot ’n tempel wat aan die Here toegewy is.** Deur julle verhouding met Hom word ook julle saam opgebou tot ’n gebou waarin God deur sy Gees woon.”

Noudat ons toegang het tot hierdie huis van die Here, moet ons volgens die orde en reels van hierdie huis lewe.  Ons is ‘n nuwe mensdom – nie meer Jode of nie-Jode nie, maar Christene.  Mense wat vir Jesus volg en meer en meer soos Hy wil wees en leef.

Lees Efesiërs 3:1-13 saam.

Wat dink jy is die geheime plan/ verborge plan/ geheimenis waarna Paulus verwys?



# EFESIëRS 3 : 1-13

Noudat ons toegang het tot hierdie huis van die Here, moet ons volgens die orde en reels van hierdie huis lewe.  Ons is ‘n nuwe mensdom – nie meer Jode of nie-Jode nie, maar Christene.  Mense wat vir Jesus volg en meer en meer soos Hy wil wees en leef.

Lees Efesiërs 3:1-13 saam.

Wat dink jy is die geheime plan/ verborge plan/ geheimenis waarna Paulus verwys?



# GOD SE GEHEIME PLAN

# Dis JESUS!

Jesus moes as mens aarde toe kom – ‘n mens met vel en been en vleis en ‘n hart – en onder ons kom woon.


Hy moes vir ons God se plan kom uitleef – sodat ons kan weet wat dit beteken om werklik ‘n Christen te wees en te leef soos Jesus geleef het.

Ek en jy moet hierdie plan, wat aan ons geopenbaar is, gaan uitleef, wees soos Jesus was!

# Groot Marico op google







Het jy al ooit ‘n vakansie geboek – die prentjies lyk belowend, die pad lyk maklik en reguit op die kaart, maar as jy eers fisies by die plek was, is die werklikheid soveel anders...

Ons was onlangs op so ‘n vakansie na Groot Marico. Dit klink idillies om na ‘n dorpie langs die ower van die rivier en waar hulle nog bel met handsentrales... Niemand sou kon raai hoe donker en vreesaanjaend dit was toe ons daar in die nag aankom nie! Maar terselftertyd hoeveel hulp ons van ‘n paar barmhartige Samaritane in ons tyd van nood ontvang het nie.
Dis die realiteit van die evangelie. Dis die realiteit van Jesus Christus.

# Groot Marico in werklikheid (in die aand)



# Live Like Jesus Lived.

God se plan soos dit in die Bybel vervat is, is tot ons beskikking. Die geheimenis (die realiteit en betekenis daarvan) is deur Jesus aan ons geopenbaar. Ons moet dit nou gaan leef en beleef!

Nie op die sitkamerbank nie...
Maar daar buite, in die werklike lewe...

Hoe het Jesus geleef? Hy was die barmhartige Samaritaan wat ons daagliks nodig het! Kom ons kyk na ‘n paar aspekte wat ons ook moet begin doen...


JY DAAG OP
JOU HART VERANDER
GOD SE DADE WERK UIT
ONS GEBRUIK ONS GAWES TOT OPBOU VAN DIE HUIS

1. **DAAG OP/ WEES BESKIKBAAR**
    - Stap net die pad wat Jesus gestap het
    - Wees ‘n lig, mense moet weet hulle kan na jou toe kom as hulle jou nodig het
    - Wie kan jy kontak wanneer dit regtig donker in jou lewe is?
    - Wie kan saam met jou bid as jy ‘n moeilike besluit het?

## 2. JOU HART VERANDER

- Jesus het gestop, gebuk, betrokke geraak, was aangeraak deur die nood en die seer.
- Hy het steeds by die waarheid gebly, maar in liefde
- Efesiërs praat van vredeliewendheid, nederigheid, sagmoedigheid, meegevoel, empatie, vergewensgesindheid...
- Lees Efesiës 4:1-3; 32-33
- Hoe moet jy dalk anders optree teenoor dié van wie jy nie hou nie... Of wat jou kwaad aangedoen het...?
- Wat sien jy rondom jou en hoe laat dit jou voel?  Hoe behoort jy daaroor te voel as ‘n Christen?

# EFESIëRS 4 : 1-3; 31-32 (db/ 1983)

"Moenie voor op die wa wees nie en behandel ander mense so dat dit vir hulle lekker is om by julle te wees. As iemand jou kwaad maak of irriteer, beheer jouself deur steeds mooi teenoor hom op te tree. Laat liefde julle lojaal teenoor mekaar hou, ook wanneer julle voel julle het nou vir eers genoeg van mekaar gehad. Die Heilige Gees het van ons een hegte span vir God gemaak. Hierdie "een-wees" en "saam-wees" moet ons tot elke prys bewaar. Ons moet nie toelaat dat enigiets tussen ons kom wat die goeie verhouding tussen ons bederf nie. God is nie verdeel nie


*Raak saam met alle ander slegte dinge ontslae van alle bitterheid, woede, wraak, geskel en gevloek. Wees eerder vriendelik met mekaar. Gee vir mekaar om. Vergewe mekaar soos God julle vergewe het op grond van wat Christus gedoen het"*

## 3. GOD SE DADE WERK IN JOU UIT

- Lees Efesiërs 2:8-10. Wat beteken dit vir jou?
- God het die groot werk gedoen vir ons.
- Ons doen nie ‘n lys van dinge omdat ons MOET nie (wette) of omdat iemand ons VRA nie of omdat ons dink dit gaan van ons ‘n beter Christen of mens maak nie...
- God se werk vloei deur jou na ander toe. Jy leef Sy wonderlike dade uit in dankbaarheid aan Hom. Dit werk uit jou uit.
- Hoe laat God se wonderlike werk in jou jou voel? Het jy al Sy wonderdade in jou lewe beleef? Hoe kan jy reageer daarop?


# EFESIëRS 2 : 8-10(nlv)

“Dit is mos dié genade wat julle verlos het deurdat julle tot geloof gekom het. En julle verlossing kom nie uit julleself nie, maar is ’n gawe van God. Dit is nie die gevolg van julle dade nie. Niemand kan daaroor grootpraat nie, want ons is God se handewerk. **Hy het ons in ons eenheidsband met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan *uitlewe*.**”



## 4. JY GEBRUIK JOU GAWES TOT OPBOU VAN DIE HUIS

- Hoe gebruik jy jou tyd, energie en gawes tot opbou van hierdie liefdeshuis van die Here?
- Of gebruik jy jou tyd, energie en gawes om af te breek... Kwaad te stook... Onenigheid te bewerkstellig... Seer te maak... Sukses te bereik...?
- Ons het ‘n verantwoordelikheid om diensbaar te wees in die huis van die Here.


To wholeheartedly and exclusively trust in the person and the claims of Jesus Christ, activating a new birth that results in a lifestyle that mirrors His values, teaching and ways so that others may see and know Him.

**DAAR IS NOU BASIES TWEE GROOT REëLS IN HIERDIE NUWE HUIS:**

**Jy moet God die Vader liefhê met jou hele hart, siel en verstand**
*(dis hoe ons toegang het tot die huis)*
**En jou naaste liefhê soos jouself**

**Hoe gaan die mensdom God se genade en liefde beleef?**
**Deur jou!**
**Hoe gaan die kerk van Jesus Christus groei op aarde?**
**Deur jou!**


"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhe soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete".

**BID:**

Bid Efesiërs 3:14-21 saam

